

Die stryd om die Caledonriviervallei - 'n historiografiese verkenning deur

*Corene de Wet en Leo Barnard**

Inleiding

Aan die verlede kan nie verander word nie, dit is:

'n feit wat deur niks gewysig kan word nie: dit is ons kennis van die verlede wat 'n onophoudelik voortgaande en veranderende proses is.¹

Geskiedskrywers asook skrywers van herinneringswerke se verskillende persoonlikhede, sosiale omgewings en tydsgees het tot gevolg dat daar uiteenlopende weergawes en interpretasies van die geskiedenis gegee word. Dit spruit ook uit paradigmatische en metodologiese verskille, wat ook aanleiding gee tot klem- en fokusverskille.² Dit maak enige objektiewe, algemene weergawe van die geskiedenis uiteraard onmoontlik. In hierdie artikel word gepoog om deur middel van 'n historiografiese verkenning van die vroeë negentiende-eeuse stryd tussen die blankes en die Basoeto om die Caledonriviervallei die relativiteit van historiese 'waarhede' te illustreer.

Blanke ekspansionisme versus swart ekspansionisme

In die historiografie word baie sterk klem gelê op die historiese skuldvraagstuk, dit wil sê watter groep verantwoordelik gehou moet word vir

-
- Dr. Corene de Wet is senior lektor by die Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur, Skool vir Opvoedkunde, aan die UOVS. Haar mees onlangse publikasie is *Die betrokkenheid van swart mense by die Anglo-Boereoorlog in die Vrystaat - 'n historiografiese studie* (1998). Prof. Leo Barnard is hoof van die Departement Geskiedenis aan die UOVS. Sy belangstellingsveld is die eietydse S.A. politieke en militêre geskiedenis.
 - 1. F.A. VAN JAARSVELD, *Afrikanergeskiedskrywing: Verlede, hede en toekoms* (Perskor, Johannesburg, 1992), p. 134.
 - 2. F.A. VAN JAARSVELD, *Afrikanergeskiedskrywing: verlede, hede en toekoms*, p. 134; F.C. VAN N. FOURIE en E.P. BEUKES, "Ekonomie en politiek in die S.A. ontwikkelingsgeskiedenis: 'n historiografiese verkenning" *Historia*, 32(1), 1987, p. 97; G.R. ALLEN, "Geskiedenis: bevryding of bevryder?" Referaat gelewer tydens 'n konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap oor Geskiedskrywing en geskiedenisonderrig: 'n toekomsperspektief. *Referaatbundel* (UOVS, Bloemfontein, 1992), p. 12.

die ‘verontregting’.³ Die siening word onder andere vergestalt in die beskuldigings van geskiedskrywers dat, na gelang van die benadering, blankes/swartes hulle skuldig gemaak het aan ekspansionisme ten koste van die ander bevolkingsgroep in hulle stryd om die vrugbare Caledonriviervallei. Beide groepe was veeboere en landbouers en het gevoldlik grond nodig gehad.⁴

Met verwysing na die Basoeto-opperhoof, Mosjwesjwe, maak H.J. Hofstede die beskuldiging “het hoofdoel van dezen zwarten Vorst geweest” om “rijk aan kudden en menschen te worden”.⁵ En omdat “de menschen en kudden

-
3. F.A. VAN JAARSVELD, *Omstreden Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk soos aangehaal in J.C. MOLL et al., Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie* (RGN, Pretoria, 1987), p. 75.
 4. J.J.G. GROBBELAAR, *Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk* (Cape Times Ltd., Kaapstad, 1939), p. iv; G.M. THEAL, *History of South Africa from 1795 to 1872*, vol. III (George Allen & Unwin Ltd., London, 1916), p. 302; J. NOBLE, *South Africa, past and present; short history of the European settlements at the Cape* (J.C. Juta, Cape Town, 1877), p. 139; F.A. VAN JAARSVELD, *Van Van Riebeek tot Verwoerd* (Voortrekkerspers, Johannesburg, 1971), p. 92; M.C. EKSTEEN, *Lesotho in uitwaartse beweging* (Perskor-uitgewers, Johannesburg, 1972), p. 9; C.W. DE KIEWIET, *A history of South Africa: social & economic* (Oxford University Press, London, 1975), p. 75; J. VAN DER POEL, *Basutoland as a factor in South African politics (1858-1870)* (Cape Times Ltd., Cape Town, 1941), p. 177; W.M. MACMILLAN, *Bantu, Boer, and Briton: The making of the South African native problem* (Greenwood Press, Westport, 1979), p. 313; W.M. MACMILLAN, *Complex South Africa. An economic foot-note to history* (Faber & Faber, London, 1930), p. 14; A. KEPPEL-JONES, *South Africa. A short history* (Hutchinson University Library, London, 1966), p. 98; R.C. GERMOND, *Chronicles of Basutoland* (Morija Sesuto Book Depot, Morija, 1967), p. 251; E. BRADLOW, *The Cape Government's rule of Basutoland 1871-1883* (Haynes & Gibson, Johannesburg, 1969), p. 121; J.S. BERGH, *Stamme & ryke* (Don Nelson, Kaapstad, 1984), p. 62; J.S. MARAIS, The imposition and nature of European control, in I. SCHAPERA (Red.), *The Bantu-speaking tribes of Southern Africa. An ethnographical survey* (George Routledge & Son Ltd., London, 1973), p. 346; E.W. SMITH, *The Mabilles of Basutoland* (Hodder & Stoughton, London, 1939), p. 141; E.W. SMITH, *The blessed missionaries* (Oxford University Press, London, 1950), p. 81; Jonathan Paton, *The land and people of South Africa* (Haper Collins Publishers, VSA, s.l., 1990), pp. 142-143; D.C. KOWET, *Land, labour migration and politics in Southern Africa: Botswana, Lesotho and Swaziland* (The Scandinavian Institute of African Studies, Uppsala, 1978), p. 36; S.T. VAN DER HORST, *Native labour in South Africa* (Oxford University Press, Cape Town, 1942), p. 43; E.A. ELDREDGE, *A South African kingdom. The pursuit of security in the nineteenth-century Lesotho* (Cambridge University Press, Cambridge, 1993), pp. 3; 46; J. PAMPALLIS, *Foundations of the New South Africa* (Maskew Miller Longman, Cape Town, 1991), p. 7; A. SPARKS, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid* (Heinemann, London, 1990), p. 113.
 5. H.J. HOFSTEDE, *Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat, in verband met eene korte geschiedenis der aangrenzende kolonien, vooral der Kaapkolonie. Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat* (D.A. Thieme, 's Gravenhage, 1876), p. 197.

geëvenredigd moeten zijn aan den grond,”⁶ is dit logies dat “het terrein, door Moshesh en zijn volk bewoond, te beperkt werd door den toevloed van zwarte emigranten met veel of weinig vee”.⁷ Dié 1876-siening dat die swartes se drang na groter lewensruimte ‘n belangrike oorsaak van die blank-swart-konflik was, word ‘n refrein in twintigste-eeuse publikasies deur geskiedskrywers wat lojaal teenoor die blanke boere staan.⁸ J.H. Malan skryf in 1929:

Inderdaad, geen witman het meer ademloos sy ganse lewe lank so netjies, so onwrikbaar, so koelberade gestoei vir die uitbreiding van sy mag en selfs vir ‘n groot Bantoe-eenheid nie as die geval was met die imperialis Moshesh.⁹

Die rasionaliteit van Mosjwesjwe se grondhonger was winsbejag:

Die kern van die hele grondkwessie was, dat die koms van blanke koloniste waarde aan grond gegee het wat vroeër waardeloos en onbewoon was, en al die hoofde, verlos van die skrik van Silkaats, het probeer om soveel moontlik daarvan vir hulle eie mense toe te eien. Dan was hulle in die gunstige posiesie [sic] om dit vir latere gebruik te besit, of om dit aan die Boere, wat die Matabele-gevaar verwyder het, te verkoop.¹⁰

Dié interpretasie van S.F.N. Gie veronderstel dus dat die blankes die swart stamme van uitwissing gered en ‘n toestand van vrede en stabiliteit geskep het. Dit het die waarde van grond laat styg. Voorts verwerp genoemde skrywer by implikasie beskuldigings deur latere geskiedskrywers dat die koms van die blanke boere Mosjwesjwe se grondgebied in so ‘n mate ingeperk het dat dit die voortbestaan van die Basoeto bedreig het. Die publikasies uit

6. *Ibid.*

7. *Ibid.*, pp. 197-198.

M.C. EKSTEEN, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 9; S.F.N. GIE, *Geskiedenis vir Suid-Afrika of ons verlede II 1795-1918* (Pro Ecclesia Drukery, Stellenbosch, 1928), p. 358; S.P.R. OOSTHUIZEN, *Henry Douglas Warden, Britse Resident in die Transoranje, 1846-1852. Die stigter van Bloemfontein* (Vrystaatse Museundiens, Bloemfontein, 1986), p. 4; T.B. BARLOW, *President Brand and his times* (Juta & Company, Cape Town, 1972), p. 16; J.J. OBERHOLSTER, *Wepener 1869-1969* (Stadsraad van Wepener, Bloemfontein, 1969), pp. 21-22; A.P.J. VAN RENSBURG, *Die geskiedenis van Bethlehem, 1864-1964* (Dagbreekuitgewers, Johannesburg, 1964), p. 113; G. TYLDEN, *The rise of the Basuto* (Juta & Co., Cape Town, 1950), p. 21; C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory disputed border area between the Orange Free State (Republic of South Africa) and Lesotho (Basutoland)* (RGN, Pretoria, 1979), p. 6.

J.H. MALAN, *Die opkoms van ‘n Republiek of Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863* (Nasionale Pers, Bloemfontein, 1929), p. 85.

10. S.F.N. GIE, *Geskiedenis vir Suid-Afrika*, p. 345.

Afrikanergeledere bevestig die status quo met betrekking tot Vrystaat-Lesotho-grense.

Hierdié siening staan lynreg teenoor dié van geskiedskrywers wat van die standpunt uitgaan dat die blanke boere hulle skuldig gemaak aan aggressiewe ekspansionisme en die Basoeto van hulle wettige eiendom, naamlik die Caledonriviervallei, beroof.

Die siening van Franz Balfet (1914) dat blanke ekspansionisme 'n bedreiging vir die grondbesit en voortbestaan van die Basoeto ingehou het omdat die blanke boere "orals grensbakens geplaas en daarop aanspraak gemaak [het] dat die land aan hulle behoort",¹¹ word by herhaling geopper in boeke wat sedert die dertigerjare gepubliseer is deur geskiedskrywers wat krities ingestel was teenoor die vestiging van die blankes in die Vrystaat. Daar is heelwat tipiese aantygings teen die blanke boere. Enkeles word aangestip.

Plaasgrense is willekeurig en eensydig vasgestel en grond is beset.¹² Wapengeweld is gebruik om grondgebied te bekom.¹³ Die blanke grondbesetting word deur arrogansie gekenmerk. H.E. Pegg beweer dat die blankes se optrede gemotiveer is deur hul siening dat

the portion of the white man was land and the portion of the black man was work.¹⁴

Gerugsteun deur die werke van die Franse sendelinge, huldig W.B. Campbell die siening dat die grondbesettingspatrone van die blanke boere 'n weerspieëling van hulle grondhonger is. Die blankes het altyd gepoog om die maksimum grondoppervlakte vir landboudoeleindes op te eis.¹⁵ Van die geskiedskrywers bied teenargumente vir Afrikanergeskiedskrywers se bewerings dat swart aggressie en ekspansionisme die oorsake van blank-swart-konflik was. Natuurlike aanwas en inkorporering van nuwe lede word genoem as redes waarom die Basoeto meer grond vir bewoning en hul groeiende

11. F. BALFET, *Samuel Rolland pionier van die sending in die Vrystaat 1801-1873* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1984), p. 75. (Die biografie, wat in opdrag van Alfred Casalis geskryf is, verskyn oorspronklik in 1914. Cf. *ibid.*, pp. 7; 9.)

12. J.A. BENYON, The process of political incorporation, in W.E. HAMMOND-TOOKE (Red.), *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa* (Routledge & Kegan, London, 1974), p. 385. Met verwysing na die besetting van Basoeto- en Ndebleegrond (in Marico) deur blanke boere, kom J.A. Benyon tot die gevolgtrekking dat blanke boere swartes se grond na willekeur beset het. Daarna is plaasgrense eensydig deur die blankes vasgestel. Die gevolg van die eensydige optrede was dat "the land and any Bantu population it carried submerged under the encroaching white ownership".

13. H.E. PEGG, *Southern Africa. A history* (Drukkerij Holland, Amsterdam, 1961), p. 61.

14. *Ibid.*

15. W.B. CAMPBELL, *The South African frontier, 1865-1885. A study in expansion* (Staatsdrukker, Elsiesrivier, 1960), p. 101.

veetroppe moes bekom.¹⁶ Bewerings word ook gemaak dat die Basoeto se stryd om oorlewing en “a place in the sun” ineengestrengel was met hul stryd “for the soil of their beloved valleys”.¹⁷

Die Basoeto was dus daarvolgens die lydende party in die stryd om grondgebied; hulle moes hulle eiendom teen die “land-hungry Boers”, wat met begerige oë na die Caledonriviervallei gekyk het, beskerm.¹⁸ Alle blaam vir die konflik word eensydig op die skouers van die blanke ekspansioniste geplaas. Hierdie geskiedskrywers probeer derhalwe begrip toon vir die Basoeto se grenskendings en diefstalle as pogings om hulle verlore grond terug te wen.

Met verwysing na die gebied ten weste van die Caledonriviervallei skryf sendingeskiedskrywer E.W. Smith in 1950:

the emigrants looked upon this land and saw that it was good.¹⁹

Die blanke boere se begeerte om dié grondgebied, wat volgens hom geen gelyke in Suid-Afrika ten opsigte van landboupotensiaal gehad het nie, te bekom, lei tot blanke grondekspansionisme.²⁰ Die Basoeto se optrede teen dié blankes moet beoordeel word teen die agtergrond van hul

determination ... to reoccupy these lands: their intense love of the country inherited from their fathers [and] the economic urge ... to secure sufficient corn-fields and pasture.²¹

Smith toon nie net begrip vir die Basoeto se stryd om hulle grondgebied te behou nie, maar toon agting vir die Basoeto se intensiewe landboupraktyke in vergelyking met die geimpliseerde ondoeltreffende ekstensiewe landboupraktyke van die grondhonger blanke boere:

[T]housands of industrious Basuto cultivators could make better use of the soil than a few score of Boers who thought themselves crowded if they could see their neighbour's chimney on the horizon.²²

-
16. R.C. GERMOND, *Chronicles of Basutoland*, p. 19; C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa: social & economic*, p. 75; W.M. MACMILLAN, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 312; J.F. MIDGLEY, *The Orange River Sovereignty (1848-1885)* (Cape Times Ltd., Parow, 1949), p. 37, baseer sy siening op *Basutoland Records*; H.J. VAN ASWEGEN, *Geschiedenis van Suid-Afrika* (Academica, Pretoria, 1989), p. 290.
 17. R.C. GERMOND, *Chronicles of Basutoland*, p. 19.
 18. J.A. BENYON, *The process of political incorporation*, p. 380; J.F. MIDGLEY, *The Orange River Sovereignty (1848-1885)*, p. 37.
 19. E.W. SMITH, *The blessed missionaries*, p. 81.
 20. *Ibid.*
 21. E.W. SMITH, *The Mabilles of Basutoland*, p. 141.
 22. *Ibid.*

In die gees van dekolonisasie wat sedert die sestigerjare ‘n leidende politieke paradigma in Afrika is, is swartsentriese, neo-liberale geskiedskrywers fel in hulle kritiek teen blanke kolonisasie. Die Basoeto was in ‘n oorlewingsstryd teen “land-hungry white settlers”²³ wat ‘n “insatiable appetite for land” gehad het, gewikkel.²⁴ In ‘n vergelykende bespreking van die grondbenuttingpraktyke van die twee bevolkingsgroepe wys Leonard Thompson daarop dat die Basoeto die gebied benut het as vee- en saaiboere, terwyl die blankes slegs veeboere was. Die Basoeto het in digbevolkte statte gewoon; die blankes

were dispersed in family units, each ‘occupying’ a ‘farm’ of several thousand acres.²⁵

Die Caledonriviervallei was vir beide die Basoeto en die blankes van waarde:

Vir die Blanke boere was die gebied waardevol, maar vir die Basotho was dit van kritieke belang, omdat die res van hul woongebied te bergagtig was.²⁶

D.H. Heydenrych wek dus die indruk dat die blanke boere wel sonder die gebied sou kon voortgaan, terwyl dit vir die Basoeto se voortbestaan noodsaaklik was.

Hierdie geskiedskrywers vind regverdiging vir Mosjwesjwe (en die Basoeto) se optrede teen die blankes. Mosjwesjwe moes sy koninkryk teen blanke

-
23. C. MURRAY, *Black Mountain. Land, class and power in the Eastern Orange Free State 1880s-1980s* (Edinburg University Press, Edinburg, 1992), p. 15; K. SHILLINGTON, *A history of Southern Africa* (St. Martin’s Press, New York, 1989), p. 77; A. PATON, *The land and people of South Africa*, p. 142; C. SAUNDERS (Red.), *Reader’s Digest illustrated history of South Africa. The real story* (Reader’s Digest Association of South Africa, Cape Town, 1988), p. 139.
24. L. THOMPSON, *Southern Africa* (1795-1870), in P. CURTIN (*et al.*), *African history* (Longman, London, 1978), p. 327. L. THOMPSON, *Survival in two worlds. Moshoeshoe of Lesotho, 1786-1870* (Clarendon Press, Oxford, 1975), p. 123; P. SANDERS, *Moshoeshoe, chief of the Sotho* (Heinemann, London, 1975), p. 74; J.G. WILLIAMS, *Moshesh. The man on the mountain* (Oxford University Press, London, 1959), p. 71; H. SUZMAN, *Moshoeshoe the statesman* (Ministry of Education, Maseru, 1972), p. 6 onderskryf hierdie siening.
25. L. THOMPSON, *Survival in two worlds*, p. 219. Vide ook T. Keegan, *The making of the rural economy: from 1850 to the present*, in Z.A. KONCZACKI, J.L. PARPART en T.M. SHAW (Reds.), *Studies in the economic history of Southern Africa (vol. II) South Africa, Lesotho and Swaziland* (Frank Cass, London, 1991), p. 43, vir ‘n ooreenstemmende siening.
26. D.H. HEYDENRYCH, *Die Boererepublieke, 1852-1881*, in T. CAMERON EN S.B. SPIES (Reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1986), p. 143.

verdringing beskerm.²⁷ As gevolg van die bedreiging deur die blankes het Mosjwesjwe voortdurend om Britse beskerming gevra.²⁸ Mosjwesjwe se vrees vir blanke ekspansionisme moet as die belangrikste rede gesien word waarom hy gepoog het om Westerse wapens te bekom.²⁹ Dié geskiedskrywers beskou gevolglik veediefstal, ignorering van grensreëlings en die besetting van blankes se please as aanvaarbare metodes om Basoetogrondgebied terug te wen.

Vanuit 'n neo-Marxistiese verwysingsraamwerk opper van die geskiedskrywers sedert die tagtigerjare die beskuldiging dat blankes se betreding van Basoeto-eiendom deur 'n onversadigbare grondhonger aangedryf is.³⁰ In 'n hoofstuk getitel *Prelude to industrial capitalism* maak John Pampallis die ongestaaafde stelling dat die "Boer rulers" in die Vrystaat tussen die jare 1830 en 1860 groot grondbesitters geword het deur die swartes hulle grond op gewelddadige wyse te ontneem.³¹ Aggressiewe kapitalisme, soos vergestalt in die blanke boere se strewe na die verkryging van groot plase, eksklusiewe eiendomsreg en spekulatiewe winsbejag, asook klimatologiese rampe word deur Eldredge as die onderliggende redes vir die blanke boere se 'grondhonger' voorgehou. Hoewel Eldredge dit nie pertinent uitspel nie, impliseer sy dat die kommunikale boere die lydende party in die blanke kapitaliste se drang na eiendom was.³²

Geskiedskrywers is dit eens dat aggressiewe grondekspansionisme 'n invloed op blank-Basoeto-verhoudinge in die Vrystaat uitgeoefen het. Maar oor wie die skuldige en wie die lydende party was, is daar verskille.

Die meeste geskiedskrywers uit Afrikanergeledere opper vae, algemene en ongefundeerde beskuldigings teen die Basoeto. Mosjwesjwe se territoriale en politieke ambisies het tot ongegronde grondaansprake geleid. Daarteenoor noem geskiedskrywers wat begrip vir die swartes toon, spesifieke bewyse, onder ander die blankes se uitgestrekte besettingspatrone, hulle skynbaar ondoeltreffende landboupraktyke, natuurlike faktore en kapitalisme ter stawing van die siening dat die blanke boere hulle skuldig gemaak het aan aggressiewe en arbitrière besetting van Basoetogrond.

-
27. J.D. OMER-COOPER, Colonial South Africa and its frontiers, in J.E. FLINT (Ed.), *The Cambridge history of Africa V* (Cambridge University Press, Cambridge, 1976), p. 379; G. PARKER EN P. PFUKANI, *History of Southern Africa* (G. Bell & Sons Ltd., London, 1975), p. 110; P. SANDERS, *Moshoeshoe*, p. 74; H. SUZMAN, *Moshoeshoe the statesman*, p. 7; J.G. WILLIAMS, *Moshesh. The man on the mountain*, p. 73.
 28. J.D. OMER-COOPER, *Colonial South Africa*, p. 379.
 29. H. ASHTON, *The Basuto* (Oxford University Press, London, 1955), p. 4; R.P. STEVENS, *Lesotho, Botswana & Swaziland* (Pall Mall Press, London, pp. 17; 19.
 30. J. PAMPALLIS, *Foundations of the New South Africa*, p. 7. Vide ook A. SPARKS, *The mind of South Africa. The story of the rise and fall of apartheid*, p. 113; E.A. ELDREDGE, *A South African kingdom*, p. 47, vir dieselfde siening.
 31. J. PAMPALLIS, *Foundations of the New South Africa*, p. 7.
 32. E.A. ELDREDGE, *A South African Kingdom*, pp. 47; 53; 55.

Grondbesit

Pro-swart geskiedskrywers se siening dat die blanke boere hulle skuldig gemaak het aan arbitrière grondbesetting en die teenargument van Afrikanergeskiedskrywers dat die blankes op 'n ordelike wyse die binneland beset het, word onder andere gereflekteer in dié skrywers se beredenering van die volgende probleemvrae met betrekking tot die eienaarskap van die Caledonriviervallei:

Het Mosjwesjwe tydelike verblyfreg of eiendomsreg aan die blanke boere toegestaan?

Bestaan daar geskrewe bewyse om die verblyfooreenkoms te bevestig?

Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu vra en verkry blanke boere toestemming van Mosjwesjwe om hulle in die Caledonriviervallei te vestig. Die vraag of die toestemming permanent of tydelik was, is ineengestrengel met die betrokkenes se uiteenlopende sieninge oor grondbesit. Die blankes het as individue grond besit, terwyl die swart stamme die grond gemeenskaplik besit en benut het. Die verwarring wat die uiteenlopende sieninge by die belanghebbendes en geskiedskrywers geskep het, word reeds in 1907 deur G.C. Henderson uitgewys. Die blanke boere het toestemming ontvang om hulle in die gebied te vestig ('to squat'), maar

[i]t is impossible now to say precisely what was involved in this concession. In all probability no definite stipulations were made; but it soon became apparent that 'old father Moshesh' meant one thing and the Boers another. Lapse of years proved that the settlers regarded themselves not merely as squatters but settlers.³³

Die verwarring met betrekking tot die probleemvraag of Mosjwesjwe eiendomsreg aan die blanke boere toegestaan het of nie, word deur George Cory se perspektiewisseling en teenstrydige uitsprake geillustreer. Hy maak die aanname dat Mosjwesjwe die grond slegs vir tydelike gebruik aan die boere beskikbaar gestel het.³⁴ Die blanke boere het egter hierdie toegewing misbruik, want met verloop van tyd het van die boere die grond verkoop. Hy suggereer dat die boere bewus was van die feit dat die grond Mosjwesjwe se wettige eiendom was, en beweer dat

the illegality of such sales was concealed by the pretence that the purchase price included only the buildings.³⁵

33. G.C. HENDERSON, *Sir George Grey. Pioneer of Empire in Southern lands* (J.M. Dent, London, 1907), pp. 146-147.

34. G. CORY, *The rise of South Africa: a history of the origin of South African colonisation and of its development towards the east from the earliest times to 1857 IV* (Longmans, Green and Co. Ltd., London, 1926), p. 304.

Ibid. duï nie aan of daar wel permanente strukture (geboue) op die plase was nie.

In die vyfde volume van Cory se *The rise of South Africa* beweer hy egter dat Mosjwesjwe eers jare nadat hy aan die boere toestemming verleen het om hulle in die onbewoonde gebiede van die Caledonrivier- en Smithfielddistrikte te vestig,

endeavoured to make it clear that in thus permitting them to reside there, he had not alienated the land - that they were still his own.³⁶

Cory verander dus van standpunt, want terwyl hy in volume IV veroordelend wys op die onwettige grondtransaksies van die boere, gee hy in volume V te kenne dat hul optrede geregtig kan word op grond van Mosjwesjwe se versium om hulle in te lig oor die voorwaardes vir die bewoning van die grond. Dit blyk dus dat Cory se interpretasie verskuif vanaf 'n kritiese ingesteldheid tot 'n simpatieke houding teenoor die blanke boere.

Cory se aanvanklike siening is ook dié van sy tydgenoot, Harold Brown. Hoewel hy nie Mosjwesjwe se reg op die Caledonriviervallei beredeneer nie, stel hy dit onomwonne dat Mosjwesjwe nie eienaarskap aan die blanke boere of enige ander swart opperhoof verleen het nie, maar slegs tydelike verblyf.³⁷

J. Noble maak die aanname dat die blankes hulle plase bewerk en verbeter het, omdat hulle onder die indruk verkeer het dat hulle die grond besit. Mosjwesjwe het egter gewei om die boere se eiendomsreg te erken en het verklaar dat "the whole country was the property of the Basuto".³⁸ Hoewel Noble geen gedetailleerde uiteensetting van die beginsels waarop Mosjwesjwe sy besitreg gegronde het nie, toon hy in die 1877-publikasie begrip vir blank én swart. Daar was volgens hom, 'n skynbare gebrek aan kommunikasie tussen die belanghebbendes en die blanke boere se onkunde oor Basoetogrondbesitpraktyke, het hulle onder die indruk gebring dat hulle eiendomsreg verkry het. Hy insinueer egter ook dat Mosjwesjwe mondeling (teenoor wie word nie genoem nie) te kenne gegee het dat hy nie van Basoeto-eindom afstand gedoen het nie.

Die verwarring wat die uiteenlopende grondbesitbeginsels vir die belanghebbendes kon meebring, blyk uit die teenstrydige uitsprake van Cory en die genuanseerde beredenering van Noble en Henderson. Die argumente van geskiedskrywers wat Brown se standpunt steun, naamlik dat Mosjwesjwe slegs tydelike verblyfreg aan die blanke boere toegestaan het, sal vervolgens onder die loep geneem word.

36. G. CORY, *The rise of South Africa: from 1847 to 1853*, V (Struik, Cape Town, 1965), p. 174.

37. H. BROWN, *War with the Boers I* (H. Virtue & Company Ltd., London, s.a.), p. 126.

38. J. NOBLE, *South Africa*, p. 141. Dit blyk nie duidelik wat die skrywer met "the whole country" bedoel nie.

Godfrey Lagden, Britse resident-kommissaris in Basoetoland (1886-1901), die Franse sendelinge V. Ellenberger en E. Casalis, asook J.M. Orpen, wys daarop dat die blankes hulle aanvanklik vir kort periodes in die Caledonriviervallei gevestig het ter wille van die verkryging van wild en weiding.³⁹ Hierdie tydgenootlike skrywers stel dit onomwonde dat die blanke boere slegs toestemming gevra en verkry het om hulle tydelik in Mosjwesjwe se grondgebied te vestig.⁴⁰ ‘n Halfeeu later onderskryf geskiedskrywers die standpunt van Mosjwesjwe se vriende en tydgenote. Hulle lê ook klem op die Basoeto se grondbesitbeginsels. Van dié geskiedskrywers wys daarop dat die Basoeto eerder in stamverband as territoriaal georganiseerd was⁴¹ en

so long as land was plentiful their idea of boundaries were as vague and rudimentary as their notion of land ownership.⁴²

Marquard beskou die blankes se miskenning van die tradisionele grondbesitreg van die Basoeto as ‘n rede waarom die swartman sy eiendom verloor het:

[M]any Africans who, under customary tribal law, had sound title to the land they were living on, lost that title under European law.⁴³

Terwyl kritiek uitspreek word teen die blankes se gebrek aan erkenning, begrip en kennis van die swartman se grondbesitreg,⁴⁴ word swart betreding van blanke plekke en grenskendings nie aan kwaadwillige optrede nie, maar aan

-
39. G. LAGDEN, *The Basutos. The mountaineers & their country I* (Negro University Press, New York, 1969), p. vii; V. ELLENBERGER, *A century of mission work in Basutoland (1833-1933)* (Sesoto Book Depot, Morija, 1938), p. 52; E. CASALIS, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa* (James Nisbet & Co., London, 1861), p. 118; J.M. ORPEN, *Reminiscences of life in South Africa from 1847 to the present day* (Struik, Cape Town, 1964; verskyn oorspronklik in 1908), p. 102.
 40. E. CASALIS, *The Basutos*, p. 118; J.M. ORPEN, *Reminiscences*, p. 102; V. ELLENBERGER, *Mission work in Basutoland*, p. 52; G. LAGDEN, *The Basutos, I*, pp. 66-67.
 41. W.M. MACMILLAN, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 26; J.F. Midgley, *The Orange River Sovereignty (1848-1854)*, p. 14; J.S. MARAIS, *The imposition and nature of European control*, p. 346; J. VAN DER POEL, *Basutoland*, p. 190; L. MARQUARD, *The story of South Africa* (Faber & Faber Ltd., London, 1955), p. 153; H. ASHTON, *The Basuto*, p. 3; E.A. WALKER, *A history of Southern Africa* (Longmans, London, 1965), p. 219.
 42. W.M. MACMILLAN, *Bantu, Boer, and Briton*, p. 26.
 43. L. MARQUARD, *The story of South Africa*, p. 153; H. ASHTON, *The Basuto*, p. 3; J.S. MARAIS, *The imposition and nature of European control*, p. 346; H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 292 onderskryf die siening.
 44. L. MARQUARD, *The story of South Africa*, p. 153; H. ASHTON, *The Basuto*, p. 3; J.S. MARAIS, *The imposition and nature of European control*, p. 346, en H.J. VAN ASWEGEN, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 292.

onkunde toegeskryf, want die swartes was “ignorant of the sanctity of white men’s treaties”.⁴⁵

Hoewel hierdie geskiedskrywers deur hulle beklemtoning van die Basoeto se gemeenskaplike grondbesit reeds insinueer dat dit nie vir die opperhoof moontlik was om eiendomsreg aan die blanke boere te gee nie, wys van hulle ook pertinent daarop dat Mosjwesjwe slegs aan die blanke boere toestemming verleen het om die grond tydelik vir weidingsdoeleindes te benut. Die blanke boere het dié toegewing misbruik, Mosjwesjwe se gesag misken en hulle permanent op die grond gevestig.⁴⁶ Eric Walker se siening dat die sogenaamde koopsom slegs

a payment to secure the usual tribal privileges for the newcomers, who were now vassals ruling their own people alongside the Basuto sub-chiefs

was,⁴⁷ dien as teenargument vir Afrikanergeskiedskrywers se klag dat die blanke boere deur ‘slim planne’, met ander woorde Mosjwesjwe se nie-uitreiking van koopdokumente, om die bos gelei is. Mosjwesjwe het nie van Basoetogrond afstand gedoen nie, en tog het die blanke boere in besit van “vast tracts of African land” gekom, want “the African occupants were legally invisible”.⁴⁸ Aangesien hierdie geskiedskrywers blanke ekspansionisme as ‘n oorsaak van die konflik beskou het, staan hulle krities teenoor die blanke boere se foutiewe interpretasie van die Basoeto se grondbesitpraktyke.

Terwyl voorafvermelde geskiedskrywers, asook tydgenote van Mosjwesjwe dit beklemtoon dat Mosjwesjwe slegs tydelike verblyfreg aan die blanke boere toegestaan het, is van die Afrikanergeskiedskrywers van mening dat die blanke boere die regmatige eienaars van die Caledonriviervallei is, omdat hulle hul op onbesette grond gevestig het.⁴⁹ Omdat hierdie skrywers Mosjwesjwe se grondaansprake summier verwerp, is die feit dat van die blanke boere verblyfstoe stemming van Mosjwesjwe gevra het, vir hulle problematies.

45. J. VAN DER POEL, *Basutoland*, p. 190.

46. H.J. VAN ASWEGEN, *Geschiedenis van Suid-Afrika*, p. 290; H. ASHTON, *The Basuto*, p. 3; E.A. WALKER, *A history of Southern Africa*, p. 219; C. SAUNDERS (Red.), *Reader's Digest history*, pp. 139-140; E.A. ELDREDGE, *A South African kingdom*, p. 48.

47. E.A. WALKER, *A History of Southern Africa*, p. 219.

48. E.A. ELDREDGE, *A South African kingdom*, p. 53.

49. M.C.E. VAN SCHOOR, *Politieke groeperinge in Transgariep* (Cape Times Ltd., Kaapstad, 1950), p. 80; H.J. VAN ASWEGEN, *Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902* (Staatsdrukker, Pretoria, 1977), p. 34; M.C. EKSTEEN, *Lesotho in uitwaartse beweging*, p. 9; C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory*, p. 5.

Geskiedskrywers uit Afrikanergeledere se beredenering van die probleemvraag of Mosjwesjwe aan die blanke boere eiendomsreg of tydelike verblyf toegestaan het, kom kortlik op die volgende neer:

Die blanke boere het Mosjwesjwe genader om grond en hom dus by implikasie as die politieke leier van die gebied erken.⁵⁰ Dit was ‘n fout, want dit het juridiese erkenning aan Mosjwesjwe se grondeise verleen.⁵¹ Voorafgaande impliseer egter dat die blanke boere te goeder trou gehandel het om eiendom te bekom op ‘n manier wat hulle geglo het die korrekte was.

Mosjwesjwe het aan die blanke boere grond toegeken sonder enige dokumentasie ter stawing van eienaarskap.⁵² Mosjwesjwe se nalating om koopdokumente aan die boere uit te reik, was ‘n ‘slim plan’⁵³ wat hom in staat sou stel om later te ontken dat hy van die grond afstand gedoen het⁵⁴ deur te beweer dat hy die grond slegs aan hulle ‘geleen’,⁵⁵ het. Daar bestaan dus by dié skrywers geen twyfel dat individuele blanke boere grondeienaarskap verkry het nie. Weer eens blyk dit dat die blanke boere te goeder trou opgetree het, maar dat hulle deur ‘n oneerlike, uitgeslape ‘verkoper’ uitoorlê is.

Voorts beklemtoon van die Afrikanergeskiedskrywers dit dat fundamentele verskille ten opsigte van sieninge oor grondbesit tot blank-swart-konfrontasie gelei het.⁵⁶ Hoewel die weergee van die blankes en swartes se onderskeie sieninge ten opsigte van grondbesitreg ‘n aanduiding kan wees van ‘n strewē na begrip vir die swartes se grondbesitstelsel, dui J.J.G. Grobbelaar en H.J. van Aswegen se uitsprake op die teendeel. Die Basoeto se grondbesitstelsel

-
50. C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory*, p. 6; B.J. BARNARD, ‘n *Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden* (Kaap en Transvaalse Drukkery Bpk., Kaapstad, 1965), p. 342.
51. J.H. MALAN, *Die opkoms van ‘n Republiek*, p. 13; M.C.E. VAN SCHOOR, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 100; C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory*, p. 7.
52. C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory*, p. 6.
53. J.J.G. GROBBELAAR, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvii.
54. M.C.E. VAN SCHOOR, *Politieke groeperinge in Transgariep*, p. 100; J.J.G. GROBBELAAR, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvii; C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory*, p. 7.
55. J.J.G. GROBBELAAR, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xvii; C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory*, p. 7.
56. C.C. ELOFF, *Die verhouding tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1878-1884* (Die Staatsdrukker, Pretoria, 1983) p. 71; M.C.E. VAN SCHOOR, *Politieke groeperinge in Transgariep*, pp. xiii-xiv; F.A. VAN JAARSVELD, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, p. 92; G. TYLDEN, *The rise of the Basuto*, p. 22; A. COATS, *Basutoland* (His Majesty’s Stationery Office, London, 1966), p. 31.

toon ooreenkoms met die middeleeuse feodale stelsel.⁵⁷ Van Aswegen huldig die siening dat Mosjwesjwe se grondbesitopvatting daarop neergekom het dat "hy alles wat hy kon vir hom op[ge]leis" het.⁵⁸ Terwyl genoemde skrywers klem lê op Mosjwesjwe se onkunde oor die Westerse grondbesistelsel, argumenteer J.J. Oberholster dat Mosjwesjwe dié stelsel gebruik het ter uitbreiding van sy grondgebied. Gerugsteun deur die werke van Theal beweer Oberholster dat kaarte wat deur die sendelinge opgestel is, aan Mosjwesjwe groter grondgebied toegesê het as waarop hy geregtig was. Die voordele wat die kaarte vir Mosjwesjwe se gebiedsuitbreiding ingehou het, het tot gevolg gehad dat "die betekenis van gebiedsbesit en territoriale jurisdiksie" by hom gevestig is.⁵⁹ Oberholster verskil dus lynreg van geskiedskrywers wat empatie met die Basoeto toon. Die blanke grondbesistelsel het Mosjwesjwe nie territoriaal beperk nie. Inteendeel, dit het hom in staat gestel om sy grondgebied uit te brei.

Vergelykenderwys kan onderstaande antwoorde op die inleidende probleemvrae gegee word.

Geskiedskrywers is dit eens dat verskille tussen die blanke boere en die Basoeto se sieninge oor grondbesit tot konflik gelei het. Maar hier eindig geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke se konsensus.

Die Basoeto se siening oor grondbesitreg is volgens van die geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wat begrip vir Mosjwesjwe en die Basoeto toon, verantwoordelik vir die opperhoof se aanvanklike toegeneentheid teenoor die blanke boere. Omdat dit vir Mosjwesjwe ondenkbaar was dat die blanke boere op Basoeto-eiendom aanspraak sou maak, het hy aan hulle toestemming verleen om hulle tydelik op sy grondgebied te vestig. Daarteenoor reken geskiedskrywers wat lojaal teenoor die blanke boere staan dat dit 'n flater van die boere was om Mosjwesjwe om vestigingstoestemming te vra, omdat dit die wanpersepsie geskep het dat hulle Mosjwesjwe as heerser van die Caledonriviervallei beskou het. Die vestigingooreenkoms was nie, soos Mosjwesjwe beweer het, vir tydelike verblyf nie. Mosjwesjwe het egter nagelaat om die ooreenkoms deur die uitreiking van dokumente te staaf.

Sommige geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wys op skrywers deur Mosjwesjwe en die sendelinge aan die blanke boere en die Britse amptenary waarin die opperhoof se standpunt dat hy slegs tydelike verblyfreg aan die blankes verleen het, uitgespel word. Daarenteen word die nie-uitreiking van koopdokumente deur Afrikanergeskiedskrywers gekritiseer, maar dokumente wat die blanke boere se aansprake weerlê, word verswyg.

57. J.J.G. GROBBELAAR, *Die Vrystaatse Republiek*, p. xii.

58. H.J. VAN ASWEGEN, *Die verhouding tussen blank en nie-blank*, p. 36.

59. J.J. OBERHOLSTER, *Wepener 1869-1969*, p. 21.

Deur selektiewe bronbenutting word die persepsie dus geskep dat die blanke boere nooit geweet het dat hulle slegs tydelike verblyfreg geniet het nie.

Terwyl van die geskiedskrywers klem lê op die Basoeto se onkunde oor die blankes se grondbeskouinge en dit gebruik as regverdiging vir grensoortredings, insinueer ander dat die Basoeto en Mosjwesjwe in die besonder oor genoegsame kennis in dié verband beskik het. Mosjwesjwe het die Basoeto en die blankes se grondbesiensinge misbruik om sy territoriale ambisies te verwesenlik.

In teenstelling met van die skrywers se empatie met die Basoeto wat met die Westerse grondbesitstsel gekonfronteer is, maak sommige Afrikaner geskiedskrywers die Basoeto se grondbesiensing af as belaglik.

Laastens kan op die gedetailleerde, argivaalgefundeerde bespreking waarin Peter Sanders hom daarvan weerhou om 'n sogenaamde korrekte interpretasie uit te wys, gelet word. Hy gee 'n uiteensetting van die verskillende belanghebbendes se grondbesiensings⁶⁰ en konkludeer dat "the Afrikaners' case was clear and simple" op grond van hulle eie siening, maar

[T]here can be little doubt that Moshoeshoe saw all his dealings with the Afrikaners in the light of his own customs, and he never believed that in allowing them to occupy the farms he was thereby giving them the land.⁶¹

Hierdie uiteenlopende sieninge van die belanghebbendes vind neerslag in die werk van die geskiedskrywers. Die blanke boere en diegene wat hoofsaaklik op hul getuenis steun, huldig die standpunt dat die blanke boere die wettige eienaars van die Caledonriviervallei is. Mosjwesjwe en diegene wat op die getuenis van die Basoeto en vriende en kennisse van Mosjwesjwe steun, glo dat die opperhoof slegs tydelike verblyfreg aan die blanke boere verleen het en dat laasgenoemde die vergunning misbruik het. Die enigste geskiedskrywer wat die aansprake van die blanke boere en die Basoeto teen mekaar opweeg, Sanders, weerhou hom van standpuntinname.

Ten slotte

Uit bogenoemde bespreking blyk dit duidelik hoe denkskole die interpretasie van geskiedenis beïnvloed en wel tot so 'n mate dat dit 'n stryd word om tot die waarheid deur te dring. Afrikanergeskiedskrywers huldig die siening dat die blanke boere van erkende, wettige metodes gebruik gemaak het om grond te bekom. Daarteenoor betreur geskiedskrywers en skrywers van herinneringswerke wat lojaal teenoor Mosjwesjwe staan, die koms van die blankes na die Vrystaat, omdat hulle die swartes van hulle eiendom sou beroof en konflik veroorsaak.

60. *Vide P. SANDERS, Moshoeshoe*, pp. 60-74.

61. *Ibid.*, p. 80.

Geskiedskrywing is nie neutraal nie. Deur beïnvloeding vanuit 'n ideologiese standpunt, die seleksie en interpretasie van gegewens, asook selektiewe bronbenutting het geskiedskrywers teenstrydige 'waarhede' met betrekking tot die grondeienaarskap van die Caledonriviervallei oopgeskryf. So gebeur dit dat geskiedskrywers, hoewel hulle soms dieselfde bronne gebruik het, tot verskillende gevolgtrekkings kom. Maar dit is ook duidelik dat geskiedskrywers bewustelik inligting wat beskikbaar is in primêre bronne verswyg as dit nie hulle argumente onderskryf nie.

Afrikanergeskiedskrywers is vas daarvan oortuig dat die blankes die wettige eienaars van die Caledonriviervallei is. 'n 1979-publikasie deur C.C. Eloff het ten doel om te dien as 'n historiese antwoord op Lesotho se eise gedurende die sewentigerjare dat die Verowerde Gebied weer by Lesotho ingelyf moet word. Na 'n bespreking van die stryd om die Caledonriviervallei en die Lesotho-grondiese kom hy tot die volgende gevolgtrekking:

Knowledge of the past and of the circumstances under which the issue of the so-called Conquered Territory arose is a prerequisite for understanding the whole question. The historian, with his desire to be objective and to grasp the essence of the reality, is prevented from making pronouncements which are based on suppositions or vague arguments. It is his task to present the facts so accurately and completely that they speak for themselves. Therefore, bearing in mind the factual situation of the region's history, the question ipso facto arises as to whether the name Conquered Territory should not be replaced by RECONQUERED TERRITORY.⁶²

Liberale geskiedskrywers, asook skrywers van herinneringswerke spreek vanuit 'n blanke verwysingsgraamwerk kritiek uit oor die koms van die blankes na die Vrystaat. Hulle glo dat die Basoeto deur blanke grondekspansionisme sy eiendomsregte ontnem is.

Sedert die sewentigerjare het 'n groot aantal neo-liberale publikasies die lig gesien waarin die vrede en stabiliteit wat in die Basoeto-koninkryk geheers het, uitgelig word. Die grondhonger blanke besetters het volgens dié skrywers destabiliserend op die Basoeto-koninkryk ingewerk. In die gees van die dekolonisasie van Afrika gedurende die sestigerjare bepleit hierdie skrywers by implikasie die politieke en ekonomiese ontvoogding van die swartes.

Die revisionistiese geskiedskrywers, en in die besonder Eldredge, skets die negentiede-eeuse Basoeto-koninkryk as idillies. Hierdie kommunikale landbou-ekonomie is egter wreed deur die kapitalistiese, rassistiese blanke besetters versteur. Die stryd om grondgebied word vir haar 'n stryd tussen die swart proletariaat en die blanke besittersklas.

62. C.C. ELOFF, *The so-called conquered territory*, p. 42.

Uit die historiografiese verkenning blyk dit dat daar 'n veelheid van perspektiewe bestaan. Elk van die historiografiese skole lig verskillende gegewens uit, en belig hulle uit verskillende gesigshoeke. Watter perspektief korrek is, is onmoontlik om te bepaal; waarskynlik is geeneen alleen waar nie, want geskiedskrywing kan vergelyk word met

fish swimming about in a vast and sometimes inaccessible ocean;
and what the historian catches will depend partly on chance, but
mainly on what part of the ocean he chooses to fish and what tackle
he chooses to use - these factors being determined, of course, by the
kind of fish he wants to catch.⁶³

Summary

The struggle for the Caledon River Valley - a historiographic exploration.

On the basis of a historiographic analysis of the early nineteenth century struggle between the whites and the Basotho for the Caledon River Valley, the relativity of historic 'truths' is illustrated. On the basis of historic 'realities', Afrikaner historians believe that the Caledon River Valley belongs to the whites. The opposite viewpoint is held by historians and memorialists who are loyal to Moshweshwe and the blacks. These authors believe that the whites deprived the Basotho of their legal territory. They also believe that Moshweshwe granted only temporary domicile rights to the whites. It appears impossible to determine which interpretation is correct; probably neither is true as such. A balanced handling of this theme requires that all important contributions be discussed and considered.

63. E.H. CARR, *What is history?* (Penguin, Harmondsworth, 1961), p. 23